**Sondag 17 April**

**Skrifgedeelte: Psalm 55:7-9, 16-23**
**Fokusgedeelte: Psalm 55:23 (1983-vertaling)**

## Wegvlieg … of na die Here toe vlug in nood?

Het jy ook al in die stormtye van die lewe na die hemel opgekyk … duiwe gesien vlieg en gewens dat jy vlerke gehad het soos hulle om na ’n plek van veiligheid te vlieg? Weg … voor die onstuimige wind uit!

Hoewel die Psalmdigter vir ’n oomblik die duiwe beny, kyk hy verder, dieper, verby die uitgestrekte vlerke van die duiwe wat ’n soort driehoek teen die blou lug trek, en roep hy tot die Here in die hemel! Hy besef: wegvlieg sal nie deug nie. Iewers haal ’n volgende storm jou in. Al wat hy nou weet, is die troue Here in die hemel, wat mag oor winde en storms het (Matt. 8:27), is sy Here! Tot Hom alleen kan hy sy toevlug neem!

Dit maak nie saak wat die aard van die storms is wat oor jou kop en lewe losbreek nie – onreg wat teen jou gepleeg word, bedrog wat jou ruïneer, geweld wat jou veiligheid bedreig … Van ’n “vyand” kan mens dit miskien nog verwag, maar as die “vyand” jou boesemvriend is wat dit aan jou doen, word dit iets verskrikliks! Dan besef jy: Jy het niemand te vertrou nie, net die Here!

Met watter genadige sekerheid kan ons nie opkyk na Hom en weet dat Hy ons toevlug is nie! Immers, Jesus Christus het die volle geweld van hierdie verraderlike wêreld deurgemaak. Sy boesemvriend en dissipel het Hom verloën. ’n Ander een het Hom verraai. Valslik is Hy veroordeel en vervloek aan ’n houtpaal vasgekap.

Dit alles om vir my en jou wat in ons diepste menswees voor God skuldig is, te verlos tot duurgekoopte kind en te versorg *“soos die appel van sy oog”* (Deut. 32:10).

Laat daarom jou sorge aan die Here oor! Dra dit biddend, vertrouend aan Hom oor, die Een wat jou nie in die steek *kan* laat nie … vanweë sy trou in Jesus Christus.

*Sing: Psalm 91:1 (1936)*

*Dr. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*